



BMSSK Ope Kompetisie

(Insluitend James Grant trofee)

1. Doel

Hierdie kompetisie word gehou aan die einde van die skietjaar rondom einde Oktober/begin November en is die hoogtepunt van die klub se skietkompetisies. Dit is die oogmerk om soveel lede en nie-lede by hierdie kompetisie te betrek moontlik. Die items wat geskiet word is van so 'n aard dat nie net gespesialiseerde silhoeët skuts daarby betrek word nie, maar dat die "gewone" skut met "alledaagse" wapens ook kan deelneem. Deel van hierdie kompetisie is ook om die James Grant trofee toe te ken aan die beste algehele skut van die dag. Dit is dan ook die doel om handwapen en geweer skuts gelyke kanse te gee om die James Grant beker te wen.

2. Items aangebied

a. Senior Kompetisie

- ⊕ Item 4: Groot Kaliber Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 8: Klein Kaliber Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 10: Veldpistool Produksie Enige Visiere
- ⊕ Item 12: Groot Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 14: Klein Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 19: Sport Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 24: Ongedierte Pistool
- ⊕ Item 25: Ongedierte Geweer
- ⊕ Item 26: Groot Kaliber Oop Visier Geweer
- ⊕ Item 27: Klein Kaliber Oop Visier Geweer

b. Veteraan Kategorie

- ⊕ Item 4: Groot Kaliber Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 8: Klein Kaliber Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 10: Veldpistool Produksie Enige Visiere
- ⊕ Item 12: Groot Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 14: Klein Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 19: Sport Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 24: Ongedierte Pistool
- ⊕ Item 25: Ongedierte Geweer
- ⊕ Item 26: Groot Kaliber Oop Visier Geweer
- ⊕ Item 27: Klein Kaliber Oop Visier Geweer

c. Junior 0/18 Kompetisie

- ⊕ Item 8: Klein Kaliber Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 14: Klein Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 19: Sport Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 22: Lug Geweer Oop Visier
- ⊕ Item 23: Lug Geweer Enige Visiere
- ⊕ Item 25: Ongedierte Geweer
- ⊕ Item 27: Klein Kaliber Oop Visier Geweer

d. Junior 0/14 Kompetisie (met enkel rus vir geweer items)

- ⊕ Item 8: Klein Kaliber Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 14: Klein Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 19: Sport Handwapen Onbeperk
- ⊕ Item 22: Lug Geweer Oop Visier
- ⊕ Item 23: Lug Geweer Enige Visiere
- ⊕ Item 25: Ongedierte Geweer
- ⊕ Item 27: Klein Kaliber Oop Visier Geweer



Bloemfontein Metaal Silhoeët Skietklub

Bloemfontein Metallic Silhouette Shooting Club

e. **Junior 0/9 Kompetisie (met enkel rus vir geweer items)**

- ⊕ Item 14: Klein Kaliber Silhoeët Geweer
- ⊕ Item 22: Lug Geweer Oop Visier
- ⊕ Item 23: Lug Geweer Enige Visiere
- ⊕ Item 27: Klein Kaliber Oop Visier Geweer

3. **Berekening van medalje wenners**

Die medalje wenners sal bepaal word deur die top 3 tellings per item vir elk van die volgende kategorieë: Veteraan, Senior, Junior O/ 9, Junior O/14 en Junior O/18.

4. **Berekening van die wenner van die James Grant trofee**

Wanneer die skut inskryf vir die dag se kompetisie, moet die skut ook 'n keuse uitoefen in terme van watter items hy/sy gaan laat tel vir die berekening van die wenner van die James Grant trofee. Die skut kan inskryf vir 'n totaal van 4 items wat as volg gekies moet word:

- Keuse A: óf Groot Kaliber Handwapen Onbeperk óf Klein Kaliber Handwapen Onbeperk
óf Ongedierte Handwapen
- Keuse B: óf Groot Kaliber Geweer Enige Visier óf Klein Kaliber Geweer Enige Visier
óf Ongedierte Geweer
- Keuse C: óf Veld Pistoel Produksie Enige Visiere óf Sport Handwapen Onbeperk
- Keuse D: óf Groot Kaliber Geweer Oop Visier óf Klein Kaliber Geweer Enige Visier

Die wenner sal bepaal word deur die 4 gekose items se tellings bymekaar te tel. Die skut wat die hoogste telling behaal, wen die James Grant Trofee.

**Elke item bestaan uit 20 skote (5 elk van hoenders, varke, kalkoene en ramme**

Item	Vuurwapen beskrywing	Teiken afstande
Groot Kaliber Handwapen Onbeperk (Item 4)	Hier word 'n senterslag rewolwer of pistool met 'n maksimum looplengte van 14" gebruik. Die item kan in enige posisie geskiet word, maar geen kunsmatige ondersteuning word toegelaat nie. Geen teleskope of gaatjiesvisier op handwapen word toegelaat.	50m, 100m, 50m & 200m
Klein Kaliber Handwapen Onbeperk (Item 8)	Hier word 'n randslag (.22) rewolwer of pistool met 'n maksimum looplengte van 14" gebruik. Die item kan in enige posisie geskiet word, maar geen kunsmatige ondersteuning word toegelaat nie. Geen teleskope of gaatjiesvisier op handwapen word toegelaat.	25m, 50m, 75m & 100m
Veldpistool Produksie Enige Visiere (Item 10)	Hier word 'n senterslag rewolwer of pistool met 'n maksimum looplengte van 10" gebruik. Enige kaliber met 'n maksimum doplengte van 1.403" (die lengte van 'n .22 Hornett doppie) word toegelaat. Enige visiere (insluitend teleskope) word toegelaat. Die item word in die staande posisie geskiet sonder enige kunsmatige steunpunte.	25m, 75m 50m & 100m
Groot Kaliber Silhoeët Geweer (Item 12)	Hier word senterslag geweer met 'n kaliber 6mm (.243) en op gebruik. Geen "wildcat" en ander hoe spoed kalibers soos 22-250, 25-06 mag gebruik word nie aangesien dit gate in ons teikens skiet. Enige teleskope word toegelaat. Die item word in die staande posisie geskiet sonder enige kunsmatige steunpunte. Tipiese kalibers is .308, 6.5mm, .270, 7mm en 243.	200m, 300m, 385m & 500m
Klein Kaliber Silhoeët Geweer (Item 14)	Hier word randslag (.22) geweer gebruik. Geen blitzer & high velocity patrone mag gebruik word nie aangesien dit gate in ons teikens skiet. Enige teleskope word toegelaat. Die item word in die staande posisie geskiet sonder enige kunsmatige steunpunte.	40m, 60m, 77m & 100m
Sport Handwapen Onbeperk (Item 19)	Hier word enige rewolwer of pistool gebruik waarvan die looplengte nie 7½" oorskrei nie. Gewoonlik word hier met self verdedigings tipe wapens geskiet. Die item word in die staande posisie geskiet.	20m, 30m, 40m & 50m
Lug Pistool (Item 20)	Enige lugpistool in wat in die staande posisie en met oop visiere geskiet word.	10m, 12.5m, 15m & 18m
Luggeweer (Item 23)	Enige No.1 luggeweer met of sonder teleskoop kan gebruik word. Die item word in die staande posisie geskiet.	18m, 27m, 32m & 41m
Groot Kaliber Geweer Oop Visier (Item 26)	Dieselfde as by Groot Kaliber Silhoeët geweer, behalwe dat slegs oop visiere toegelaat word.	50m, 100m, 150m & 200m
Klein Kaliber Geweer Oop Visier (Item 28)	Enige .22 geweer sonder 'n teleskoop kan gebruik word. Die item word in die staande posisie geskiet	25m. 50m. 75m en 100m